 *Scriptura* 12 (1984) pp 54-73

# "WIT TEOLOGIE"?

*Johann Kinghorn*

*Abstract - "White Theology" ?*

In this paper the position is defended that the DRC is not fundamentally bound to the system of apartheid. Although it can be shown that the DRC aligned herself with racist tenden=cies and feelings of superiority during the formative years of the politics of apartheid, this alignment should be seen against the colonial and rural social codes prevailing at the time. Furthermore, quotations can be advanced to show that the DRC considered apartheid to be a political means of escape from these social codes, i e that apartheid would be the political mode of social freedom and equality. It is argued that the fundamental intention of the DRC was in fact to create a society in South Africa based on justice. Apart=heid was seen as the embodiment of the Christian drive to=wards real justice. The reason why justice was not achieved lies in the dramatic and fundamental change in the substruc=ture of South African society that took place during the past three decades. At the moment the DRC is still applying the former solutions (with the best of all possible intentions) to a society which has totally different needs. Thus, in fact, although unintentionally, the DRC is guilty of abetting an oppressive situation.

* * *

## *INLEIDING*

1 Die term "Wit teologie" is 'n skepping deur die sg "Swart teologie". Daarmee word die oortuiging verwoord dat die=gene wat hulle geloofsgoedere uit die Europese Christelike tradisie erf, aan 'n geestelike meerderwaardigheidsgevoel ly. Meer nog, dié meerderwaardigheidsgevoel loop in die daaglikse lewe uit op sosiale oorheersing. Hulle forseer hulle voorkeure of afkeure op alle mense af, sowel binne die kerk as in die samelewing. Sodoende skep hulle politieke en ekonomiese struk=ture wat tot eie bevoorregting lei ten koste van dié wat nie behoort tot hulle groep nie. Dus, 'n situasie van grootskaalse onreg ontstaan. En aangesien Europeërs uiterlik meesal wit is is dit gerieflik om die kerklike en teologiese ondersteuning

aan so 'n situasie te tipeer as *Wit* Christendom en van 'n *Wit teologie* te praat.

2 In Suid-Afrika het hierdie begrip van 'n Wit teologie 'n besondere toespitsing gekry. Die politieke en sosiale beleid van die land word deur die grootste gros van Swart- en Bruinmense voetstoots as ongeregtig, onderdrukkend en uitbuitend beskou. Oor die meriete van dié gevoel kan ons nie nou hier handel nie. Feit is dat diesulkes 'n *direkte* verband lê tussen die sosio-politieke stelsel en die populêr-kerklike teologie van die Gereformeerde Afrikaanse kerke - veral natuurlik, die NG Kerk. Vir baie is (veral) die NGK *verantwoordelik* vir die ontwerp van die huidige opset. Die kerklike teologie, ja selfs die kerk-wéés van die Afrikaanse kerke word as 'n poli= tieke plooi beskou en heelhuids *in terme van* die sosio-politieke opset beoordeel. Omgekeerd word die maatskaplike struktuur gesien as "... nie net 'n politieke ideologie nie, maar ook as 'n pseudo-evangelie, wat as Christelik voorgehou word...."1)

3 Dis onmoontlik om nou op *al* die historiese, teologiese en politieke aspekte in te gaan. Laat ons ons beperk tot die kritieke vraag tans aan die Afrikaanse kerke, nl of die "wit geloof" *noodwendig* op oorheersing en uitbuiting ingestel is. Anders gestel, *kan* die Afrikaanse Gereformeerde kerke hulle losmaak van die beleid van apartheid *sonder* om hulle hele kerklike en teologiese erfenis oorboord te gooi?

Ek dink hulle kan wel - nie alleen, of allereers omdat huidige tye dit vereis nie, maar primêr omdat die tipe teologie en vroomheidstradisies waaruit die Afrikaanse kerke leef, dié moontlikheid skep. Om dit só te stel: dit lê in ons dogmatiek en ons Bybelverstaan dat ons nie uitbuiters en onderdrukkers sal wees nie. Dié standpunt sal hier verder verdedig word.

In ons beredenering gaan ons egter nie ons met hoë dogmatiek of diep eksegese bemoei nie. Om sake meer konkreet te maak, spits ons ons aandag toe op die NGK - die kerk wat aan my immers meer bekend is as enige ander een - en ons hou ons by die meer populêre uitsprake, sodat ons kan sien hoe die dogmatiek en die Bybelverstaan waarvan hierbo sprake was, in die praktyk *gewerk* het. En dalk nog *kán* werk.

*UITSPRAKE IN DIE VERLEDE*

4 Niemand wat vandag met enige mate van eerlikheid terugkyk na die uitsprake van drie, vier dekades gelede oor rasse= kwessies binne en buite die kerk, kan ontken nie dat daar 'n

breë gees van meerderwaardigheid in omloop was.

Neem bv die standpunt van die bioloog H B Fantham.[2] O a merk hy op: "A fact that has often been noted is the poor physique and bad health, especially in the first cross of the offspring of many ... racial admixtures .... Bad teeth are common, even in quite young people. Physical disharmonies occur .... Such disabilities lead to relatively short life. Mental disharmony often accompanies the physical and is shown in violent outbursts of temper, vanity and sexual instability".

Fantham praat hier van vermenging tussen blank en swart. Hy het dit egter nie teen rassevermenging as sodanig nie, "... for admixture of peoples at *similar levels of civilization* may result in the perpetuation of highly desirable qualities." Sulke (goeie) rassevermenging is egter vir Fantham geheel en al nie moontlik tussen wit en swart nie, omdat die kloof tussenin te groot is. Die blanke is, voor die voet, na sý mening, van 'n hoër klas as die swarte.

Fantham se werk het buitengewone invloed uitgeoefen in die proses van meningsvorming gedurende die veertigerjare. Sy opinies is ingewerk in die standpunt van prof Geoff Cronje in sy besonder invloedryke boek, "'n Tuiste vir die nageslag" (1945) nl dat "die kleurling voortdurend leef in daardie sosiale dis= harmonie, in daardie sosiale konfliksituasie, in daardie ewige spanning tussen die twee (wit en swart) wat in hom nie harmonies ... kan saamsmelt nie omdat die kloof ..., die inherente ver= skille, tussen hulle te groot is .... Duisende der duisende kleurlingsiele getuig van daardie disharmonie, - geen eie geeste= like tuiste omdat hulle basters is, omdat die onverenigbare in hulle op sondige wyse saamgedwing is."[3]

Twee jaar later publiseer Cronje 'n tweede boek, dié keer in samewerking met dr Wm Nicol (Moderator van die Transvaalse Sinode) en prof E P Groenewald.[4] Dieselfde gedagtes as hierbo kom ook daarin voor.[5] Die geselskap waarbinne dit egter nou uitgespreek word, verleen daaraan 'n byna kerklike aanvaarbaar= heid.

Cronje (en Fantham) was natuurlik nie die enigste wat sulke rassistiese standpunte gehuldig het nie. Uit die vele voorbeelde haal ons nog net een aan. Die volkekundiges, P J Coetzee, F J Language en B I C van Eeden[6] skryf in 1942: "As uitgangspunt wil ons konstateer dat ... ons Christelik-nasionale lewensbe= skouing as basis moet dien". Dit beteken dat die Afrikaner in sy optrede "... gelei moet word deur die Christelike sedewette

..." waarvolgens "... elke volk 'n ... afsonderlike aard, moont=likhede en bestemming het .... Hierdie bestemming kan die naturel alleen bereik indien hy die regte leiding ... van die hoër-ontwikkelde blanke ontvang .... Die feit dat die blanke, ten minste geestelik, die meerderwaardige van die nie-blanke is, word tewens algemeen erken en deur wetenskaplike navorsing ge=steun .... Derhalwe het die Afrikanervolk nie alleen die *reg* nie, maar trouens die *verantwoordelikheid*, om die leierskap in hierdie land op hom te neem ...."

Hierdie sitaat is besonder tiperend van die gees van vier dekades gelede. Die vraag is nou, hoe ver het dié gees sy intrek geneem in die kerk? Dat daar individue binne die kerk, waaronder ook kerkleiers, was wat dié gedagtes ondersteun of gepropageer het, is duidelik. Maar dit gaan verder as dit.

Slegs 'n jaar ná die publikasie van Cronje se tweede boek aanvaar die Transvaalse Sinode van die NGK 'n verwerkte weergawe van hoofstuk twee van die boek (geskryf deur prof E P Groenewald) as sy standpunt. Natuurlik het die sinode nie dáármee Cronje se boek of standpunte in geheel goedgekeur nie. Maar hy het dit ook nie afgekeur nie. En dit kon die sinode ook nie, omdat hy die strekking daarvan goedgesind moes gewees het, anders sou die volgende nie in die sinodebesluit[7] opgeneem gewees het nie: "'n Direkte Skrifbewys vir die voogdyskap van een volk oor 'n ander kan moeilik aangevoer word, maar die beginsel is af te lei uit ... die Skrif .... Die Skrif getuig deurgaans van die onderwerping van die een volk aan 'n ander." En 'n entjie verder word aangevoer volke, net soos mense, dra "... die een verantwoordelikheid vir die ander, en met name die sterkere vir die swakkere, die meer ontwikkelde vir die minder ontwikkelde, die mondige vir die onmondige."

Die sinodestuk sluit af met 'n besonder betekenisvolle byvoegsel: "Ter wille van duidelikheid moet eindelik aangemerk word dat die kerk hom definitief stel op die standpunt van rasse-apartheid. Dit is egter iets anders as nasionale apartheid aangesien ver=skillende nasies tog onder dieselfde ras gegroepeer moet word, nl daar waar die assimileerbaarheid ... so duidelik is dat dit vir betrokke volksgroepe geen geestelike degenerasie kan beteken nie."

In hierdie laaste sin weerklink die beskouings van Fantham-Cronje wel deeglik: van die blankes se kant gesien, is kontak met swartes 'n vorm van neerdaling, 'n degenerasie.

Ses jaar vroeër, in 1942, het Fantham se idees ook op 'n ander

plek 'n invloedryke rol gespeel. In dié jaar het die Federale Sending en Armesorgrade van die NGK in die vier provinsies van die Unie 'n memorandum aan die kabinet voorgelê waarin die be= langrikste aspekte van die "naturellebeleid" uit die Kerk se oogpunt uitgespel is. Ondubbelsinnig stel die memorandum[8] hom op die "beginsel van rasse-apartheid en rasseswuiwerheid". Die memorandum versoek dat dié beginsel in die toekoms streng gehand= haaf sal word en wel om twee redes. Eerstens, ter wille van selfbehoud. Rassevermenging sou 'n "insinking" van beskawing, sede en godsdiens meebring. En tweedens, ter wille van "Christe= like Barhartigheid" of te wel "medelye" met die Kleurling. Medelye, meen die memorandum, het lg nodig, omdat hulle "in alle opsigte agterstaan by die blankes" - fisies, ekonomies, sedelik-godsdienstig en, les bes, 'n rassetrots is afwesig. Ter stawing van dié stellings word Fantham (o a) met woorde aangehaal.[9]

5 'n Mens kan die katalogus van uitsprake soos hierdie nog baie uitbrei. Miskien moet iemand die volle lys op 'n keer saamstel ter wille van dié wat nog steeds hulle hande met genoeë in die onkunde was. Maar óns laat dit nou daar. Laat dit vir óns vasstaan: die NG Kerk het wel deeglik en doelbewus 'n meer= derwaardigheidshouding ingeneem en dit eties (en later - in die vyftigerjare - ook eksegeties/teologies) gemotiveer. Dáároor val nie te twyfel nie.

Maar nou juis op *hierdie* punt moet ons dringend die vraag stel of *die* teologie-van-meerderwaardigheid of dan voogdyskapteologie summier as *uitbuitings*teologie kan deurgaan? Is hierdie voogdy= skapteologie dieselfde as "wit teologie", as onderdrukkings= teologie?

Ek dink ons moet hierop néé antwoord; maar onmiddellik byvoeg dat die voogdyskapteologie van vier dekades gelede, *vandag* wél "Wit teologie" is. Die meerderwaardigheid van 'n geslag gelede wás nie onderdrukkend van aard nie, maar het dit gewórd. En dit, omdat die konteks waarbinne ons leef grootliks verander het.

Miskien klink dît paradoksaal, maar bg feit maak die deure vir die rehabilitasie van die NGK (en tot 'n groot mate ook die ander Afrikaanse kerke) oop. Want dit beteken dat die fout aan die kant van die NGK *nie* primêr een van bedoeling was nie, maar een van uitwerking. Die Duitse spreekwoord dat die pad na die hel geplavei is met goeie bedoelinge, is sekerlik waar. Maar dis óók waar dat die pad na die goeie, onmoontlik sónder goeie bedoelinge loop.

*DIE "BEDOELINGE"*

6 Die "argument van die goeie bedoelinge" is al soveel keer deur die afgelope dertig jaar gebruik, dat haas niemand dit nog glo nie. So meen die NGSK bv dat in die politieke en kerklike bestel van Suid-Afrika, "... ten spyte van vermeende goeie bedoelinge die hebsug en vooroordeel van maghebbers ... ten koste van magteloses verskans word".[10)]

Tog, die goeie bedoelinge bestaan. *En dit is ook besonder belangrik. Want dié een begrip waarin hierdie bedoelinge saamgevat kan word, is die begrip sosiale geregtigheid en vryheid!*

'n Mens kan jou nie beweeg in die amptelike en algemeen kerklike literatuur van die veertiger- en vyftigerjare nie, sonder om gedurig te stuit op die tema van geregtigheid nie. Allereers is die klem laat val op die persoonlike geregtigheid voor God, iets wat in die morele lewe van die individu (en die volk) tot uiting moes kom. Maar hier het dit nie opgehou nie. Hierdie geregtigheid moes na die sosiale strukture - nie nét van Suid-Afrika nie, maar ook internasionaal - deurgedra word. Ja, daar was 'n tyd toe die NGK verder as die Limpopo gekyk het, en wel met 'n positiewe gees.

In een prismatiese oomblik het hierdie gees in 1945 helder aan die lig gekom toe die Federale Raad van die NGK[11)] hom "gedring" gevoel het om op Genl Smuts, voor sy vertrek na die fredeskonferensie in San Francisco "... namens die NG Kerke van Suid-Afrika ..." 'n beroep te doen, om ten alle koste 'n regverdige vrede te verseker. Geen vrede kan slaag nie, meen die Raad, "... wat deur haat, wraaksug, hebsug en heersug gemotiveer word in plaas van deur die christelike beginsels van reg, geregtigheid en mensliewendheid". Daarom verwerp die NGK "... alle magsverheerliking en Staatsvergoding waardeur die *heilige regte an die individu geskend* ..." word (my kursivering). En "... hy glo dat geregtigheid hoër is as die Staat, reg meer as mag, liefde sterker as geweld, en dat alleen 'n vrede wat op hierdie onwankelbare beginsels gegrond is, van werklike versoenende en duursame aard sal wees".

Wat sô vir die buiteland gegeld het, is deur die NGK met die oog op die binneland des te sterker toegepas, veral - maar nie nét - op die Afrikaner. In die oorlogsjaar 1943, open ds J P van der Spuy die vergadering van die Raad van Kerke onder die leuse van die teks (Jes 26:9): "Want as u oordele op die aarde is, dan leer die inwoners van die wêreld geregtigheid". O a merk hy op: "Die Kerk kan net die pad van geregtigheid aanwys. 'Geregtigheid

verhoog 'n volk ....' Sal die Kerk nie aandring op geregtigheid van volk teenoor volk, van klas teenoor klas, van mens teenoor mens nie? Waarom moet, bv, die een mens in 'n pragtige huis woon en die ander in 'n krot? Waarom moet die een seksie van die bevolking die ander uitbuit, vertrap? Waarom moet die een volk die ander verdruk en verslaaf? ... God eis geregtigheid .... Sal die Kerk nie sy stem verhef vir geregtigheid en meer daarvoor ywer deur sy kerkraadslede, kommissies van die kerkraad, Ringe en Sinodes nie?"[12])

Hierdie woorde het hulle neerslag gekry in 'n ope brief wat die Raad by dié geleentheid opgestel het en waarin o a van die staat gesê word dat hy nie hoogste gesag vir hom mag toeëien op elke gebied van die lewe nie en dat die "persoonlike vryheid van elke mens gehandhaaf moet word." Op maatskaplike gebied, aldus die ope brief, "... eis die christelike beginsel van die *broederskap van die mens* dat daar nie die grootste rykdom naas die ellendigste armoede in dieselfde land mag woon nie ..."[13]) (my kursivering).

By tye is daar uitsprake wat vandag na siteerbare aanhalings uit die geledere van die bevrydingsteologie klink. Laat ons 'n voorbeeld haal uit die verslag van die Kommissie van Ondersoek van die Gefedereerde NG Kerke na kerklike en godsdienstige toestande in die nege stede van die Unie van Suid-Afrika[14]): "Die stadslewe staan in die teken van kapitalistiese uitbuiting. Die ... pers, ... selfs die sosiale wetgewing is meesal aan die kant van die kapitaal; die arbeider trek steeds aan die kortste end. Hy het 'n pleitbesorger, 'n beskermer nodig .... Die Kerk moet sy vader, sy kampvegter wees; hy moet vir die verdruktes opkom; hy moet sosiale geregtigheid preek; hy moet pleit vir .... gesonde behuising, vir beter werktoestande. Die kansel kan nie nuwe wette maak nie, maar hy kan ideale propageer ...."

7 Nou, dit is binne *hierdie* atmosfeer en teen *hierdie* agtergrond dat die NGK apartheid aanvaar en voogdyskap gepropageer het. Voordat 'n mens dít nie ernstig neem nie, kan hy nie aanspraak maak op 'n begrip van die NGK se rol in die opkoms van apartheid nie; en ook nie die meerderwaardigheidsuitsprake in perspektief sien nie. Die feit is dat, met díe uitsondering van enkele moedswilliges, die NGK apartheid gesien het as 'n *bevrydingsbeleid*. Apartheid sou die beleid wees wat *aan almal* in die land sosiale geregtigheid besorg. Laat ons dit met behulp van enkele grepe duidelik maak.

Die sg beleid van "vertikale differensiasie" (teenoor horisontale differensiasie) wat enkele jare gelede deel van die Eerste Minis=

ster se twaalfpuntplan gevorm het, is 'n interessante voorbeeld. Die begrippe vertikale en horisontale skeiding dateer uit die veertigerjare. So skryf L A D Roux[15] in 1947 dat die apart= heidsbeleid "... nie 'n beleid van onderdrukking (is) nie ..." en "... ook geen horisontale skeidslyn wil trek sodat die ge= kleurde net tot 'n sekere peil kan ontwikkel ..." nie. "Die skeidslyn moet vertikaal wees", aldus Roux.

Nog 'n voorbeeld - ds N G S van der Walt maak beswaar[16] daar= teen dat ons die "naturel" almal oor een kam skeer en "... dan skuif ons die hele boel horisontaal in die onderste vag van ons ekonomiese en maatskaplike lewe, dié van ongeskoolde arbeid..." in. Maar, sê hy, "in ... 'n algehele apartheid kan die naturel tot die volste ontplooiing kom". Klaarblyklik is apartheid vir Van der Walt die politieke gestalte van bevryding vir die nie-blanke.

Apartheid sou die nie-blanke verlos van 'n "onderste-klas-burger= skap". Apartheid moes 'n einde bring aan 'n struktuur van die blanke bo en die ander onder. M a w apartheid sou nòg die Duitse idee van 'n Herrenvolk, nòg die Engelse kolonialisme duld - nee, dit sou 'n vryheid bewerk wat in 'n gelykheid nááš mekaar sig= baar sou wees.

Hierdie vryheidsideaal loop soos 'n lawastroom deur alle uit= sprake oor rassekwessies in die veertiger- en vyftigerjare. Dit was, kan 'n mens sê, die credo van die NGK in dié opsig - bewys geregtigheid: deur apartheid. Trek strepe tussen mense só dat hulle gelykes, langs mekaar is.

Of hulle strepe hoegenaamd móés getrek het? Daaroor kan 'n mens debatteer. Die probleem met strepe tussen mense is dat dit baie gou mure van verskansing word. Maar dit tersyde. Ter sake is die *idee agter* hierdie uitsprake hierbo. En *dít is niks minder nie as die ideaal van gelykheid, vryheid* en ... *selfs 'n klein bietjie broederskap ook!*

Hopelik maak die volgende aanhaling dit duideliker. Dit kom uit die voorsittersrede van ds P J Viljoen by die Raad van Kerke op 11 Mei 1949[17] toe hy dit oor die noodsaak van die beleid van apartheid gehad het. Die naturel, sê Viljoen, "... is geen be= dreiging nie .... Hy is die grootste bate vir ons land .... Neem hom weg en ons volkslewe sal ontwrig word soos dié ... van die Egiptenare ... en ons sal gewapend uittrek om hulle terug te bring". As 'n mens dink dat Viljoen daarmee 'n slawebestaan vir die Swartes voorsien, maak hy 'n fout. Elders sê Viljoen juis dat ons groot fout is (was) dat ons uit die Swartes "... wil

... haal wat ons kan en nie aan hulle gee wat ons kan nie". Daarom vervolg hy op die aanhaling hierbo sō: "Maar hulle is meer as net 'n bate vir die land. Hulle is burgers ..., mense wat lank voor ons ... ingetrek het". Weliswaar verkeer hulle nog in 'n "onmondige staat". Maar "... die ideaal van volle burgerskap het by hulle ontwaak en ons durf en kan dit nie onder=druk nie". Om dié rede, aldus Viljoen, is apartheid noodsaaklik. Want apartheid sal dié ideaal laat werklikheid word. Die doel van apartheid is daarom vir hom "... nie onderdrukking nie, maar ontwikkeling, opbou, opheffing, groter voorregte en regte, oor=eenkomstig eie aard, aanleg en vermoëns."

Genoeg van aanhalings. Dit sou boeiend wees om na te gaan watter teologiese begripsonderbou agter uitsprake soos dié lê. Dis egter nie hier die plek of die taak om dít te doen nie. Laat ons volstaan deur daarop te wys dat dié teologiese agtergrond uitsprake soos die volgende moontlik gemaak het: staatsgesag is beperk, "die heilige regte van die individu", "die beginsel van die broederskap van die mens" (brotherhood of man). Dit is gelade taalgebruik dié. En dit is uitsprake wat uit die monde van die apartheidsgesindes kom.

*VAN DESTYDS NA NOU*

8 *Vandag* word *hierdie* soort taal téén die NGK aangewend; asof die NGK heeltemal nie in staat sou wees tot sulke uitsprake nie. Miskien is dit waar. Maar dan is dit slegs sō omdat die NGK sulke taal *verleer* het.

Nóú dat die NGSK weer kom uitspreek het dat God "... die Een (is) wat geregtigheid en ware vrede onder mense wil bring ..., dat die kerk daarom mense in enige vorm van lyding en nood moet bystaan, wat o a ook inhou dat die kerk sal getuig en sal stry teen enige vorm van ongeregtigheid ..."[18] nóú behoort nie net die woorde nie, maar ook die wysie van vier dekades gelede stadigaan na ons terug te kom. Ons is klaarblyklik nader aan mekaar as wat vele graag sal wil toegee! Die NGSK se belydenis is 'n oproep tot die NGK (en ander Afrikaanse Kerke) om allereers sy eie verlede in herinnering te roep. Die stemme wat vandag tot ons kóm, kan net sowel die eggo vanuit ons eie verlede gewees het.

Die begin van die weg van rehabilitasie van die NGK (én ander Afrikaanse Kerke) lê by erkenning van dié feit. Nie alleen net in die bedoelinge nie, maar selfs tot in die taalgebruik toe, is daar ooreenkoms tussen dít wat vandag van die NGK ge*vra* word en dit wat destyds deur hom uitgespreek is. Hierdie feit is belangrik nie alleen vir óns nie, maar ook vir die "opponente".

Nie alleen sal (sommige van) ons moet leer om met nuwe oë na ons érfenis te kyk nie, maar ook die "opponente" word hierdeur opgeroep om óns in 'n nuwe lig te sien.

9 Bý wat so pas gesê is, moet egter dadelik 'n tweede, kwalifiserende stelling gevoeg word. Met dit alles is nie gesê dat ons die verlede moet idealiseer nie. Nog minder dat ons daarnatoe moet terugkeer. In 'n sekere sin is dit nie moontlik om daarna terug te keer nie, *omdat* (en dis die tweede stelling) *ons nog nooit daarvandaan weg beweeg* het nie. Ons het weliswaar taalaansuiwerings gedoen (iemand wat vandag van "voogdyskap" en "onmondigheid" praat, bestempel ons dadelik as 'n paternalis), maar die styl, die gesindheid, die *veronderstelde lewensbeskouing* aanwesig in alle amptelike uitsprake (tot dusver) van die NGK oor kleursake, dít het nie verander nie. Om dié punt te begryp, is dit eers nodig om die destydse uitsprake van meerderwaardigheid in perspektief te sien.

Die feit dat sekere segregasiemaatreëls indertyd deur vooraanstaande swart leiers gesteun is (- bv prof Jabavu het gemengde huwelike sterk afgekeur; hy het net nie gedink 'n *wet* daarteen is die regte metode van bekamping nie -) moet ons waarsku teen vereenvoudigings. Vier dekades gelede was die koloniale tipe *samelewing* (met sy idee van 'n "vriendelike baas" en 'n "lojale- en tevrede-klaas") in den brede (die Afrikaner uitgesonder) nog algemeen aanvaar. In die kleiner sosiale kring van die familie (blank) óf van die stam (swart) was die tipiese gesagstruktuur dié van die landelike mens nl die patriargale. M a w veertig jaar gelede was dit nog as *natuurlik* beskou dat daar vaste meerderes en vaste minderes sou wees. Goeie Christenskap sou dán beteken dat dié meerderes hulle posisie teenoor die mindere met verantwoordelikheid en hulpvaardigheid beklee, maar nie dat enigiets gedoen sou word om die posisie te verander nie. In die gees hiervan het ook die NGK meegedoen en graag van voogdyskap in dié verband gepraat. Gegewe die lewensverwagtinge en strukture van die koloniaal-patriargale samelewing van een en 'n halwe geslag gelede, was dít min of meer goeie Christenskap.

In stryd (sic!) (destyds) hiermee kon die kerk ook apartheid steun. In 'n wêreld van voogdyskap is die idee van 'n algemene gelykheid van bevolkingsgroepe werklik revolusionêr. Juis dít wou apartheid bereik - op die lang termyn sou alle volke naas mekaar staan en daar sou dus geen meerdere of mindere volke wees nie. Apartheid was die langtermynbeleid van ontvoogding.

Maar hoe is volke nou gelyk? Wel in die veertigerjare, toe dié idee posgevat het, was die oorgrote deel van Suid-Afrika se

bevolking nog op die platteland. En die stedelinge het self ook nog sterk plattelands gedink. Geen wonder dat 'n *plattelandse* konsep van regverdige gelykheid en vryheid uiteindelik die grond=slag van die apartheidsbestel geword het nie. Dit is: gee elk=een sý stuk *grond*. Die spreekwoord sê immers, laat elke haan op sy eie ashoop kraai. En vir die oorwegend landelike bevolking ± 40 jaar gelede het dit seker veel sin uitgemaak.

En kom ons gee dit toe. As dit reg gedoen was, sou dít *veertig* jaar gelede sosiale geregtigheid beteken het. Want dit sou die ekonomiese faktor van produksie, wat op daardie stadium hoofsaak=lik in grondbewerking geleë was, binne (gelyke) bereik van almal gebring het. Deelname aan die Suid-Afrikaanse ekonomie hét 40 jaar gelede grootliks op grondbesit berus.

Intussen het die koloniale, patriargale en landelike wêreld plek gemaak vir die stadsbestaan, die nywerheidsgesentreerde same=lewing en die onderwysgeleide organisering van al ons doen en late. Wat sosiale geregtigheid in dié milieu is, kan ons nie nou uitspel nie. Maar een ding is seker - die idee van vaste meerderes en vaste minderes kan glad nie in die tegnologiese era gehandhaaf word nie. Die tegniek sny natuurlike status=posisies - soos ouderdom, eersgeboortereg en opperhoofskap, by die wortel af. Die nywerheidswêreld benodig eerder jong, dina=miese, opgeleide personeel as ouer, gesiene, maar onopgeleide "ou hout". Voor 'n rekenaar tel status niks; net bekwaamheid laat die masjientjie werk. En daarby kom dat die besit van grond, nog minder aparte grond, jou vandag geen besondere toegang gee tot die voordele van die nywerheidskultuur nie. Kennis, spesialis-vaardighede e d m is die nodige middele om toegang te kry. In baie gevalle werk geografiese (d w s grond-) verdeling juis mense se vermoë om deel te hê aan die verkryging van kennis, vaardighede e d m teen. Dis nie om dowe neute dat ons deesdae weer 'n sterk stadwaartse trek, veral onder Swartes, beleef nie. Vir baie is dit beter om in Crossroads getreiter te word, as om in die plattelandse tuisland op sy eie grond te veragter.

M a w, dít wat ons vandag van die lewe verwag, dít wat ons moet insit om dié verwagtinge te haal en die soort van samelewing waarbinne hierdie verwagtinge uitgeleef word - dit alles het drasties verander oor die afgelope vier dekades. Hiervoor, meen ek, het ons in die Afrikaanse kerklike geledere, tot op hede min of geen begrip. Ons weet goed van baie dinge wat verander het, ja. Maar, ek vrees dat daar by dié wat in die openbaar die rig=ting van die kerk moet formuleer, min blyke is daarvan dat daar algaande deur die jare 'n *struktuurverandering* in ons samelewings=opset gekom het. Vandaar dat, op papier, die NGK (ten minste)

nog steeds voortgaan om afsonderlike ontwikkeling aan te bied as die politieke vorm van Christelike geregtigheid.

En nou is die punt dit, dat die NGK al sy ongetwyfeld goeie bedoelinge van die veertigerjare, gekry het uit en gedoel het op 'n landelike en patriargale lewensbestel; en dat hy hom gaan verknog het dááraan, terwyl die realiteit van Suid-Afrika al meer weg van die landelike en nader aan die nywerheid en die stad geskuif het. Terwyl die proses binne die kerk voortgaan om al hoe fyner afronding te gee aan die konsepte van veertig jaar gelede, het die wêreld *waarbinne* die kerk optree en *waarvoor* hy rigting wil gee, só drasties verander dat dié konsepte vandag as bedoelde onderdrukking gehoor word.

Wat 'n mens se bedoeling in die teorie van jou eie stilligheid ook mag wees, die oomblik wat dit uitgespreek word, staan dit in verband tot die konkrete realiteit van die situasie. Hoe die bedoeling lyf kry, hang af van die situasie. Daar is so iets soos 'n *samespel* tussen bedoeling en realiteit. 'n Mens kan die beste bedoel, maar dit op die verkeerde saak toepas - met geweldige gevolge. Tot 'n hoë mate fikseer die NGK hom tot vandag toe op 'n nie-industriële en nie-stedelike situasie. Of om dit anders te sê, die NGK (e a Afrikaanse kerke) rig hulle in hulle ondersteuning van apartheid op 'n amper-fiktiewe sosiale opset.

Vir diegene aan die ontvangskant is dit natuurlik nie fiktief nie. Niks is fiktief vir 'n pasiënt wat verkeerd gediagnoseer is en met 'n middel waarvoor hy allergies is, behandel word nie. Sy pyn is dubbel. Hy móét skree. Hy móét 'n kreet uit die hart laat hoor. Hy mag dalk daarmee die goeie bedoelinge van die dokter in twyfel wil trek, maar wat hy eintlik doen is om die aandag op die situasie te vestig; op die realiteit van die moment.

Die tragiek van die saak kom nêrens skerper na vore as juis in die huidige dooiepunt tussen die NGK en die NGSK nie. Terwyl die NGSK ten hemele skrei oor die konkrete lewensomstandighede van baie van sy lidmate, m a w terwyl die Sendingkerk die aandag vestig op die huidige situasie, is die NGK (soos bv in punte 2.1 en 2.2 van die moderatuursbrief van 23 Maart 1984 blyk) besig om hom te beroep op sy eie, diepste (en boonop goeie) bedoelinge. Tussen realiteit en bedoelinge gaap 'n afgrond wat skaars nog met verwyte oorbrug kan word. Maar wat se afgrond is dit in werklikheid? As alles wat hierbo gesê is 'n greintjie van waarheid inhou, dan is dié afgrond primêr een van *onbegrip*, ja onbegrip en nie soseer wesenlike verskille nie.

10 Is die NGK skuldig aan "Wit teologie"? In die lig van alles wat hierbo gesê is, moet 'n mens já en néé antwoord. Nee, omdat die NGK dit nie bedoel nie. Ja, omdat sy goeie be=doelinge gerig is op omstandighede van 'n verbygegane era ter=wyl dit, onaangepas, nóú 'n situasie help instandhou wat baie leed aan baie mense berokken en allermins deur getroffenes as geregtig ervaar word.

Maar miskien is dit belangriker om die vraag in sy toekomsvorm te stel. Kan die NGK sy band met die verlede behou, m a w kan die NGK *basies* dieselfde kerk bly, en tog hom van apartheid los=maak? Uit wat ons hier uit die verlede van die NGK kon ophaal, behoort ons die vraag met 'n makliker ja te laat antwoord. Die NGK het 'n reservoir van goeie, mag ek bysê - goed Bybelse -, bedoelinge en uitsprake. Wat nodig is, is om dié tradisie in lyn te bring met, om dit te laat sluit óp die realiteite van ons huidige samelewing en bestaanswyse.

Daar is egter een voorwaarde. Die NGK is steeds gebind deur die laaste kragtige oorblyfsel uit die koloniaal-patriargale tydvak. Dit is die abstrakte konsep van die "groot-familie", of te wel die filosofiese begrip van die "volk". Tensy ons afleer om alles deur 'n filosofiese volksbril te wil lees, sal ons steeds nie in staat wees om die realiteit van ons dag raak te sien nie. Ons sal alles wat ons sien en doen, herlei na die ideale dag wanneer elkeen by sy eie volk op dié se eie grondgebied sal wees. (En ons probleme opgelos.) Intussen gaan, soos dr D F Malan dit uitgedruk het, die "raderwerk" van die ekonomie - die nywerheids=ekonomie - voort om individue van die ander volkere in te trek. Te wyte aan ons drome moet dié mense egter lewenslank gefolter word met die vloek van tydelikheid (behuising, permitte, trek=arbeid, ens.).

Natuurlik is daar volke. Daar was altyd en daar sal altyd wees. Ook die Bybel weet daarvan, maar laat die volke heeltemal in Gods hand. Nêrens weet die Bybel ons te leer om *volkere* te handhaaf nie. Dit sal Hy doen (Ha 17:26). Ons opdrag is om die liefde en die reg te laat aanrol. En dit grensloos. In die kernopdrag van die NT - dat jy jou naaste moet liefhê (en hierin is die *hele* wet saamgevat) - word ons op mense, individue gerig - sonder aansiens des volks.

Eers wanneer ons die hiper-beheptheid met die volksidee van ons afstroop, sal die sluier oor ons oë lig. Dán sal ons, soos tevore, begrip kry vir die ware realiteite van hierdie land soos dit nóú geld. Só 'n begrip is noodsaaklik voordat die goeie bedoelinge ook goeie vrugte kan dra.

*VOETNOTE*

1) Skema van werksaamhede van die Sinode van die NGSK 1982, 463.

2) H B Fantham, Race admixture in S A., *Encyclopedia Sexualis* 1936, 690-707.

3) *a w*, 77/78.

4) G Cronje, *Regverdige Rasse-apartheid*, 1947.

5) Veral bls 83-7.

6) *Die Oplossing van die Naturellevraagstuk in S A*, 1942, 5/6.

7) Handelinge van die Sinode NH of G Kerk van SA, 1948, 383/4.

8) Die Sendingraad van die NG Kerke in SA - Sy Ontstaan, Doel en Strewe, 1944, 73-80.

9) Volgens die memorandum het sake 'n ernstige punt in die Unie bereik. Ter oplossing word voorgestel: i) streng verbod op gemengde huwelike; ii) aparte woonbuurtes; iii) aparte bedrywe (nie net "blote" werksafbakening nie - JK); iv) aparte universiteite; v) depolitisering van naturelle=sake. Oor die "naturelle-kwessie moet die blankes 'n ver=enigde front toon en nie probeer om partymunt uit te slaan ten koste van die prestige van sy eie ras nie".

10) Handelinge van die Sinode 1982, 704.

11) Handelinge van die Federale Raad, 1945, 112.

12) Handelinge van die Federale Raad, 1943, 102.

13) *a w*, 99.

14) J R Albertyn e a, *Kerk en Stad*, 1947, 110.

15) L A D Roux, Die Rassevraagstuk, *Die Geref Vaandel*, April 1947, 14.

16) N G S van der Walt, Behandel ons die naturel Christelik?, *Die Geref Vaandel*, Augustus 1948, 11.

17) Handelinge van die Raad van Kerke, 1949, 221-3.

18) Konsep-belydenis van Belhar, 1982, punt 4.

Dr Johann Kinghorn
Departement Bybelkunde
Universiteit van Stellenbosch
7600 Stellenbosch.

# R E S P O N S - *D J Smit*

1 Ongeveer twee weke gelede, toe ek by die kennisgewingbord van ons Fakulteit verbystap, vra een van ons studente my - half skertsend - "het u al 'n uitweg gekry?" Toe ek nie ver= staan waaroor dit gaan nie, wys hy na die bekendstellingsbros= jure van hierdie simposium en sê: "Ek sien u moet êrens gaan praat oor 'n 'uitweg' vir die wit kerk...." As ek dr Kinghorn reg verstaan, dan is dit inderdaad die vraag wat hy aan die orde stel: Kan die Afrikaanse kerke in die huidige situasie en met die oog op die toekoms 'n "uitweg" vind waardeur hul aan hulself getrou bly en tog ook in staat is om die probleme van die sg "veranderde samelewing" die hoof te bied? Heel aan die begin beperk hy sy referaat tot "die kritieke vraag ... kan die Afrikaanse Gereformeerde kerke hulle losmaak van die beleid van apartheid sonder om hulle hele kerklike en teologiese erfenis oorboord te gooi?" Teen die einde stel hy die vraag "in sy toekomsvorm", te wete, "kan die NGK basies dieselfde kerk bly en tog hom van apartheid losmaak?"

Dit lyk my uiters sinvol om ons te beperk tot hierdie wesenlike en praktiese vraag en nie af te dwaal op eweneens belangrike, maar in 'n sin tog teoretiese en sekondêre vrae, soos bv die prolegomena-vraag na die mees presiese omskrywing van wat "wit teologie" nou eintlik is of die historiese vrae na die wyse waarop die referent met die dokumente omgaan en of sy interpre= tasie van die geskiedenis legitiem of toereikend is nie. Uit die bondige wyse waarop hy "wit teologie" aanvanklik definieer asook uit die wyse waarop hy met die bronne omgaan, blyk duide= lik dat hy self ook nie wil hê dat die bespreking daarby moet bly steek nie. Self beantwoord hy die wesenlike vraag, naam= lik of die NGK basies dieselfde kerk kan bly en hom tog van apartheid kan losmaak, met 'n "maklike ja".

Ek dink dat sake nie so eenvoudig is nie en dat hierdie ant= woord van hom om 'n verskeidenheid van redes, waarvan ek drie wil noem, nie waar is nie.

2 'n Eerste rede is na my oordeel juis geleë in die feit dat sy argument 'n soort van "uitweg" vir die NGK wil bied, 'n agterdeur, 'n feitlik gemaklike "uitkomkans", sonder dat daar enige sprake is van droefheid, inkeer, verootmoediging, skuld= belydenis en versoening. Die NGK hoef hiervolgens feitlik maar net homself te bly, ou insigte weer af te poets en met 'n vrolike gelaat sy weg te gaan. Die kerklike situasie waarin

ons ons bevind, maak dit egter onmoontlik. Oor die jare heen het daar tussen mense en ook tussen Christene in hierdie land klowe gegroei, van teleurstelling, wantroue, bitterheid, onver=soendheid, radikale vervreemding. Om dit mis te kyk, of gemaklik te wil verbygaan na 'n nuwe toekoms, is absoluut on=moontlik. Die pyn lê te diep, die wantroue en afkeer is te sterk. Apartheid, ook kerklike apartheid, was te suksesvol. Apartheid het *nie* die onversoendheid veroorsaak nie - niemand sê dit nie! - maar apartheid het die natuurlike vleeslike polarisasie en vreemdheid en magstryd bestendig en versterk. Die kerk van Christus is gevolglik in 'n ernstige krisis. Nie alleen sy geloofwaardigheid na buite is op die spel nie, maar allereers die egtheid van sy bestaan as kerk self, sy innerlike eenheid en vrede, sy eenheid van gees en van sin. Hierdie ver=vreemding sal slegs langs die weg van diepgaande versoening opgehef kan word en egte Christelike versoening bring ook pyn mee, die pyn van skuldbelydenis en vergiffenis. Ongelukkig word daar oor sowel versoening as oor skuld juis in hierdie krisis totaal oppervlakkig gepraat. Egte Christelike berou en versoen=ing vind juis nie plaas wanneer vingers van beskuldiging oor en weer gesteek word, verwyte geslinger en verontskuldigings aange=bied word nie. Die wyse waarop die NGSK bv gesê het dat hy die NGK pastoraal sal begelei om sy skuld te ontdek en te bely, laat my persoonlik effens verleë. Doodgewoon pastoraal beskou is dit die klassieke manier om nié iemand te begelei wat sy skuld moet ontdek en bely nie. Dit is tevergeefs en wêrelds om die ânder se skuld te wil aantoon. Die maak net al die verdedigings=meganismes en al die verontskuldigingsmeganismes en al die ver=duidelikingsmeganismes in die ander los. Egte Christelike skuld=belydenis kan slegs deur Gods Gees geskenk word, as 'n innerlike oortuiging, as 'n bewoënheid wat oor jou gebring word, as 'n droefheid-tot-bekering - volgens Paulus. Egte Christelike skuld=belydenis is die bereidheid om ook skuld te aanvaar vir dit waartoe jy eintlik nié aandadig is nie en waarvoor jy na regte nié aanspreeklik gehou kan word nie, om met sak en as beklee tot God te roep en te sê: ek is die man, om as 't ware alles wat gebroke is op jou eie rekening te wil neem, om van harte te erken: *mea culpa, mea maxima culpa ....* Sulke skuldbelydenis is in staat om die teëstander ook (dalk) te win, om hom mee te neem, sodat broers en susters in Christus mekaar om die hals kan val en kan ween in egte versoening.

Van enige sensitiwiteit vir hierdie krisis in ons land en kerk, van droefheid oor die situasie van verskeurdheid in ons land, van enige skuldbelydenis is daar helaas in die NGK niks te sien nie. Die Breë Moderatuur sê nadruklik die standpunt dat die NGK sy skuld moet bely, is "dus vir ons nie toepaslik nie". Eintlik

het dit, lyk dit my, amper geen sin om verder oor droefheid en skuldbelydenis te praat nie, want waar dit nie deur Gods Gees geskenk word nie, bestaan dit doodgewoon nie. Indien die NGK die leed kon sien en die klag kon hoor, sou hartsverandering miskien kon plaasvind, maar presies hierdie moontlikhede word deur ons "apartheid" van mekaar effektief afgesny.

3 Daar is egter ook 'n tweede fundamentele rede. Juis die bevrydingsteologieë het ons geleer dat nie die subjektiewe "bedoelinge" agter kerklike optrede en teologiese formuleringe altyd die deurslaggewende rol speel nie, maar veeleer die "belange" wat daardeur gedien word. Met "bedoelinge" kan 'n mens ander - en dikwels ook homself - geheel en al mislei. Dikwels dien die "bedoelinge" as regverdiging, rasionalisasie of legitimering van optrede - soms vooraf, soms terselfdertyd, soms agterna. Deur die jare heen word die legitimeringe al= gaande geskaaf, al hoe meer subtiel geformuleer en al hoe meer ideologies en selfmisleidend van aard. Mense se diepste motiewe, of die werklike *belange* wat mense by 'n saak het, mag ook vir hulleself verborge wees. Soms slaan die belange egter wel op teoretiese vlak deur. In enkele aanhalings van dr Kinghorn het geblyk hoe daar telkemale bewustelik sprake was van "selfbehoud", "selfhandhawing", ens. Apartheid is moontlik gebore in 'n bevrydingstryd, maar dan 'n *self*bevrydingstryd Dikwels is daarom in feitlik verlossingsterminologie gepraat soos "redding", "heil" en "behoud". Die Afrikanerkerke het al hierdie geluide van sosialisme, beskerming van die arme, gelyk= heid van inkomste, kampveg en stry vir die regte van die veront= regtes, laat hoor terwyl hulle in 'n situasie was waarin hulle= self direkte belang daarby gehad het, slegs daarby kon baat, hulleself en hulle eie saak daardeur kon bevorder. In so 'n situasie sluit mense maklik vreemde bondgenootskappe ter wille van dienstigheid en selfbelang.

Juis daarom is dit egter nie so 'n eenvoudige saak om hierdie tradisie, hierdie terminologie en slagkrete, hierdie "teologiese erfenis" van "goeie bedoelinge" maar net weer op te neem en dit nou op ander toe te pas en dit boonop ten koste van wat jyself juis bereik het met jou vryheidstryd nie.

Die belange wat op die spel is verskil immers radikaal: in plaas van selfbelang moet die belange van die ander nou gesoek word. Dit is so ingewikkeld en radikaal soos wat dit is om van iemand te verwag om gemaklik selfliefde te laat omslaan in naasteliefde omdat albei tog variasies van liefde is. Boonop is die situasie in Suid-Afrika nie so eenvoudig dat 'n mens sy eie verworwe belange kan behou en tog ook nog aan ander presies

dieselfde kan gun nie. Dis presies die probleem met "die afskeid van apartheid". Dit sou wonderlik wees indien almal âlles kon hê. But you can't have your cake and eat it! Belange, swaar verworwe belange, moet gedeel word, moet prysgegee word.

Om dié rede is die populêre geroep wat dikwels opgaan dat die Afrikaner tog dié groep moet wees wat andere se vryheidstryd kan verstaan, slegs relatief waar - en gevaarlik misleidend.

Die NGK kân dus nie maar net sy eie motto's op ander toepas en nog steeds sy eie belange bly soek en dien nie. Wat gevra word, is selfverloëning en vertroue op God ... en waarom sou 'n mens dit doen?

4 'n Derde rede waarom die situasie na my oordeel veel ingewikkelder is, is geleë in die NGK se kerkbegrip en kerklike praktyk. Die NGK glo aan die idee van 'n kerk vir 'n volk. Of dit ten diepste nie dalk 'n kerk vir 'n ras, of vir 'n ekonomiese klas, of vir 'n bepaalde "beskaafdheidspatroon" of vir 'n bepaalde burgerlike mentaliteit was nie, is belangrike vrae, maar hier nie eers direk ter sake nie. Die feit is dat die NGK geleer het om dit te sien as 'n kerk uit, van en in 'n sin vir die volk. Dr Kinghorn verwys self na die "volksbril" waardeur die NGK alles lees. Reeds al uit die vraagstelling van *Ras, Volk en Nasie*, uit die wyse waarop die inleidende eksegetiese en Bybelsteologiese gegewens daarvan as 't ware by voorbaat in daardie vreemde raamwerk gegiet word en nou nogeens ten oorvloede toe uit die Breë Moderatuur se antwoord aan die NGSK, blyk die absolute sentraliteit van die "volks-"idee. Die vanselfsprekende is dat juis hierdie tipe voorstelling van die Christendom 'n spieëlbeeldreaksie veroorsaak. Dit veroorsaak die "swart ervaring" dat híérdie witmens- of wit-volksgod seker nie werklik omgee nie en daaruit kom dan 'n "swart kerk" met 'n teologie waarvolgens die kerk eweneens moet kies om van en vír 'n bepaalde sosiologiese groep te wees: nou net nie die "volk" nie, maar die "klas" - die onderdrukte, verontregte, lydende "klas".

Die merkwaardige is dat "kerkeenheid" deur albei pole in gedrang gebring word. In albei gevalle word die kerk gemaklik "ons" kerk, 'n kerk wat moet kant kies. Aan die een kant is die NGK stelselmatig besig om homself te isoleer. Dis asof hy nie kân hoor wat die ekumene, die wêreldkerk wil sê nie. Die Breë Moderatuur betig die NGSK en sê dís darem groot stappe om te neem vir 'n enkele kerk. Erger nog: die Breë Moderatuur merk tereg op dat die verskille tussen die NGK en die NGSK geleë is in uiteenlopende situasies, in verskillende sienings van die werklikheid ... maar die NGK ween nie daaroor nie! Én die NGK

neem inisiatiewe om 'n *nuwe* "ekumeniese" sinode te stig waar enersdenkendes saamgetrek sal word in die "ware" ekumeniese kerk. Aan die ander kant verwerp sekere radikale gestaltes van die bevrydingsteologie eweneens die idee van kerkeenheid, omdat dit 'n idealistiese, kunsmatige eenheid sou skep wat die ware spanninge in die samelewing sou verdoesel en neutraliseer in plaas van oopvlek en aksentueer. Langs dié weg word die nood=saaklike klassestryd en kwalitatiewe veranderinge aan die same=lewing slegs in die weg gestaan. Die kerk moet veeleer kant kies en help stry. Daarom word ook in sommige van die kringe toenemend gepraat van 'n "new ecumenism", wat slegs diegene insluit wat eenders dink, wat saam gekies het vir die solidari=teit en die "struggle".

Vir albei is die kerk nie soseer die nuwe skepping, 'n vreemde gemeenskap, die nuwe mensheid, 'n geheel eiesoortige grootheid, 'n nuwe en ongekende versoeningsgemeenskap, die liggaam van Christus wat alle verskeidenheid en geskeidenheid in hom opneem en bymekaar hou tot 'n getuienis vir die wêreld nie, maar die kerk kom uit die skepping voort en moet dienstig wees aan groeps=belange. Vir albei word die kerk gemaklik 'n ideologiese druk=groep en teoloë en predikante word maklik meer radikaal as enigiemand anders omdat hulle met heilige oortuigings glô in die dinge wat gewone mense en politici pragmaties doen en ook weer kan relativeer.

Wat beteken dit? Dit beteken dat as die NGK afstand doen van apartheid en teen die volksaard van die kerk kies vir die een sigbare volk van God, waar die spanninge en onderlinge verrykende moontlikhede in één kerkverband opgeneem word, die NGK 'n wesen=like deel van sy kerklike tradisie en praktyke sal verloor. Die NGK sal gekonfronteer word met die "swart ervaring", sal onder=vindinge meemaak wat hom onherroepelik sal verander. Diegene wat "kerkeenheid" teenstaan uit vrees vir die onvoorsienbare konsekwensies, is dalk meer nugter as baie mense wat maklik en idealisties daaroor praat.

Een van ons studente vra my eergister in die klas: Maar gegewe die struktuur van ons apartheidsamelewing, die manier waarop ons in klasse en kampe verdeel en vervreem is ... kán die kerk, menslik gesproke, dit waag om een te word, kán die verskeiden=heid nog as wedersydse verryking binne één volk van God funk=sioneer? Dit is die vraag. En wie weet wat die antwoord is .... Maar wie dit nie eens wil waag nie, wie al by voorbaat nie glo dat God deur sy leweskeppende Woord en Gees dit kán doen nie ... gee tog iets van die hart van die evangelie prys ....

5 Ek sluit af. Dit lyk my om 'n verskeidenheid van fundamentele redes onmoontlik dat die NGK kan afstand doen van apartheid en steeds sy kerklike en teologiese tradisie ongeskonde bly behou. 'n "Uitweg", dink ek, bestaan nie.

Daar is wel, na my oordeel, 'n "weg". Dis die weg waarvan die NGSK in die Begeleidende Brief by die Belydenis gepraat het.

> "Ons bede is dat hierdie daad van belydenis nie valse struikelblokke in die weg sal lê en daardeur valse verdelinge sal veroorsaak en bevorder nie, dog versoenend en verenigend sal wees. Ons is daarvan bewus dat so 'n daad van belydenis en 'n proses van versoening noodwendig veel pyn meebring. Dit verg die pyn van bekering, berou en skuldbelydenis. Dit verg die pyn van lewensvernuwing en -verandering, sowel individueel as gesamentlik. Dit plaas ons op *'n pad* waarvan ons die einde nie kan voorsien of na ons eie wense kan manipuleer nie. Op *dié pad* sal ons onvermydelik intense groeipyne ervaar terwyl ons worstel om die v vreemding, die bitterheid, die onversoendheid en die vrees oorwin. Ons sal sowel onsself as mekaar nuut moet leer ken en beleef. Ons is terdeë daarvan bewus dat hierdie belydenis roep om die aftakeling van denk-, kerklike en samelewingstrukture wat oor baie jare heen gegroei het. Ons bely egter dat daar ter wille van die evangelie geen ander uitweg moontlik is nie. Ons bede is dat ons broeders en susters in die NG Kerk-familie maar ook daarbuite hierdie nuwe begin sââm met ons sal wil maak, sodat ons sââm kan vry word en sââm *hierdie weg van versoening en geregtigheid* kan gaan. Ons bede is dat hierdie droefheid gevolglik 'n droefheid tot verlossing sal wees. Ons glo dat dit moontlik is in die krag van ons Here en deur sy Gees. Ons glo dat die evangelie van Jesus Christus hoop, bevryding, heil en ware vrede vir ons land kan en wil bring."

Dît is 'n weg. Maar of die Here dit nou al vir ons wil gee ... dit is 'n vraag.

Prof D J Smit
Dept Dogmatologie
Fakulteit Teologie
Universiteit van Wes-Kaapland
7530 BELLVILLE